

Nuwe erns oor kernkrag

Die verantwoordelikheid om elektrisiteitsvoorsiening te verseker, was voorheen die domein van Eskom, maar is nou “stewig” onder die beheer van die ministerie van energie geplaas.

Só het die nuwe minister van energie, me. Dipuo Peters, onlangs in haar begrotingstoespraak in die Nasionale Vergadering gesê.

Dit was tot dusver Eskom se verantwoordelikheid om te besluit watter tipe kragentrales gebruik sou word, maar om die nasionale regering se beheer hieroor te verseker, wil die energiedepartement nuwe regulasies promulgeer om die bou van nuwe kragentrales te bespoedig. Oor die gebruik van kernkrag het Peters die versekering gegee dat daar voortdurend gewerk word om veiliger maniere te vind om kernkrag te gebruik en kernafval te berg.

) Vanjaar gaan ’n nasionale instituut saamgestel word om te verseker die bestuur van radioaktiewe afval voldoen aan internasionale standaarde wat die veiligheid van mense, eiendom en die omgewing sal verseker.

) ’n Nuwe kernkragbeleid gaan ontwikkel word as een van die oplossings om die vrylating van kweekhuisgasse te beperk.

Die Nasionale Kernreguleerder (NKR) is ook besig om tegniese vereistes vir die nuwe kernkragentrales op te stel.

Mnr. Gino Moonsamy, woordvoerder van die NKR, het gister gesê die NKR sal die aansoeke vir die onderskeie kragentrale-persele, die konstruksie van die kernkragentrales, die operasionele vereistes vir dié sentrales, asook die sluiting van die kragentrales ingevolge die Wet op die Nasionale Kernreguleerder hersien en goed- of afkeur.

Dié besluite word gegrond op die veiligheidsbestuursplan, asook die beplanning en infrastruktuur wat verband hou met kernkragveiligheid.

Die NKR se betrokkenheid word deur wetgewing bepaal en gee aan die reguleerder die mag om ’n lisensie goed te keur en die nakoming van lisensievoorwaardes te verseker.

In ’n verslag deur Arcus Gibb-konsultante, wat betrokke is by ’n omgewingsimpakstudie, is die hernude ywer vir die regering se kernkragprogram uitgestippel in ’n tydraamwerk vir die drie kernkragentrales, Nuclear 1 (by Duynefontein reg langs Koeberg), Nuclear 2 (by Bantamsklip suidoos van Pearly Beach) en Nuclear 3 (by Thyspunt naby Kaap St. Francis in die Oos-Kaap).

Die verwagting is dat daar in Januarie 2011 met voorbereidingswerk by Duynefontein, in Januarie 2013 by Bantamsklip en in 2015 by Thyspunt begin sal word.

In Arcus Gibb se hersiene plan vir die omgewingsimpakstudie word genoem dat die plan hersien is nadat die voorneme om slegs een kernkragentrale te bou, heroorweeg is en die nuwe plan nou is om ’n reeks kernkragentrales te bou.

’n Projekspan het reeds die persele vir die kernsentrales besoek en prioriteitsvereistes wat reeds uitgelig is, sluit in geologiese en geotegniese aanvaarbaarheid van die sentrales op elk van die persele, die diepte van die watertafel en gevolge vir waterverbruikers in die bepaalde gebiede, die vlak van die versteuring van ekologiese prosesse, die impak op die mariene lewe weens die vereistes vir verkoelingswater, visuele steurnisse, verlies aan erfenis- en kulturele bronne asook die hantering van die afval.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n^oie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."

"This article represents the text exactly as it was published